
# Rustenburg Gemeenskapskerk

**14 FEBRUARIE 2021**


Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org.za


Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: esta1@vodamail.co.za.
Registration number: MPC: PBO 930046902

- Eredienste voorlopig 08h00 en 09h30
- Kleuterkerk om 09h30
- Kategese om 09h00 -09h30
- Gelukkige Valentynsdag



## Agter Hom aan



"Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus…(Rom 13:14) Jesusvolgelinge, dis wat gelowiges is. Ons is trappers op Sy spoor, wandelaars in Sy Woord. Dit beteken dat ons weet Hy is die kompas. Hierdie reis is in Sy hande en geskied op Sy voorwaardes.

Jesus volgelinge weet ook dat dit nie 'n plesierrit is wat luidkeels, lofprysend en al huppelend deur goue strate verloop nie. Dit is, inteendeel, 'n volbloed-reis, deur donker dieptes (Ps23:4) en "op hoë plekke" (Hab 3:19). Hulle weet ook dat hulle juis daar nie hoef bang te wees nie.

Maar die stilhouplekke is nie oases met Oros en hallelujaliedjies nie. Soms knars alles net onverwags tot stillstand. Hierdie is 'n intense reis, maar vol seën en op 'n roete vol dankbare mense. Hulle weet wat die eindbestemming is, en al ken hulle nie al die besonderhede daarvan nie en al maak die pad daarheen hulle soms bang, weet hulle wie daar op hulle wag.

Daarom het Paulus se oproep sin, die vermaning aan die reisigers om hulle tydens hierdie reis soos Jesusvolgelinge te gedra. Om nougeset op Sy spoor te bly. Om naby genoeg aan Hom te wees sodat hulle Sy hande kan sien wnneer Hy beduie - hierlangs, of wees versigtig, of kom ons rus eers bietjie..

Ja, hulle moet teenaan Hom bly, byderhand wanneer Hy die padkos begin uitdeel, die ete en drinke, die lewenswater en genadebrood.

## Kos, klere, diesel en werk dringend nodig




➲ Ons Kerk reik weer op 11-14 Maart uit na die Pofadder-omgewing. Ons het 25 gesinne daar wat broodgebrek het. Ons het donasies van kragvoer. Ons benodig net diesel vir die vragmotors.

➲ In Rustenburg is daar ook baie mense in ons Kerk, wat noustrop trek. Ons sê baie dankie vir die skenkings uit die RGK geledere, dit help geweldig baie en word opreg waardeer.

➲ Laat my asb weet van werksgeleenthede. Ons sit skielik met 'n handvol lidmate sonder werk of inkomste.

Dankie! Theo

## Bemark jou besigheid



Skakel vir Charles Bester vir 'n gratis kwotasie vir 'n professionele bemarkings video: 072 477 9543




## Bid asb vir ons lidmate

| | |
|---|---|
| -Charlotte Pieterse | - Nicolene Pieters |
| - Susan Schoeman | - Lien Pelser |
| - Ditta Joubert | - Sanette v/d Walt |
| - Peet Dique | - Ronel Engelbrecht |
| - Isabel Mc Donald | - Christelle Nel |
| - Andrew Brown (s) | - Cisca Hopkins |
| - Jaco Halloway | |

## Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening

kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!



☑ EFT
☑ Stoporder

## Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055





## Verjaarsdae 14 - 21 Feb 2021

14-Gert Botha, Adelle Jv Rensburg
16-Hennie Pieterse(s)
17-Charlotte Grobler, Louise Nell
Alet Visser
18-Leezel Schutte
19-Veronica Schaap, Ditta Joubert
20-Yvonne Bester
21-Vian Joubert





## *Hulp - Whatsapp - groepe*

- *RGK - Werksoekspan*

*Vir werkverskaffers en werksoekers*

- *RGK - Rek jou rand*

*Vir winskope, afslag en besigheidsberigte*

*WhatsApp Theo of Esta vir byvoeging*